AKTE VAN OPRIGTING

EN

STATUTE

VAN DIE

PRETORIA PLUIMVEEKLUB

AKTE VAN OPRIGTING VAN DIE PRETORIA PLUIMVEEKLUB

1. Naam

   Die naam van die klub sal bekend staan as die “Pretoria Pluimveeklub”.

2. Kantoor

   Die geregistreede kantoor van die klub sal die adres van die Sekretaris van die Bestuur wees.

3. Doelstellings

   Die klub is gestig met die volgende doelstellings:

   3.1 Om as mondstuk van alle telers te dien en hulle belange te beskerm.

   3.2 Om te strewe na die verhoging van die Standaard van Skoupluimvee en by te dra daartoe deur inligtingslesings en praatjies, of op enige ander wyse.

   3.3 Om skoue aan te bied.

   3.4 Om die belangstelling en samewerking van lede te bevorder.

   3.5 Om sake van gemeenskaplike belang aan lede te kommunikeer hetsy per e-pos, nuusbrief, die PPK webtuiste, of enige ander media.

4. Vergunnende handelinge

   Om bogenoemde doelstellings te bereik, sal die volgende ook van toepassing wees.

   4.1 Om te onderhandel met owerheids- of ander administratiewe liggame oor die aangeleenthede wat regstreeks of onregstreeks betrekking het op die bogenoemde doelstellings.

   4.2 Om alle sake rakende die belange van telers te oorweeg, te bespreek en af te handel.

   4.3 Om deur middel van regulasies of op ‘n ander wyse intreefooie en ledegelde in te vorder, donasies of ander voordele vanaf enige persoon of liggaam, van watter aard ookal, te ontvang en om die fondse na goeddunke te bestee.

   4.4 Om pligte uit te voer en regte te beoefen soos bepaal deur die statute of enige ander latere besluite.

   4.5 Om komitees saam te stel om enige pligte uit te voer en regte te beoefen soos bepaal mag word om die doelstellings van die klub te bevorder.

STATUTE VAN DIE PRETORIA PLUIMVEEKLUB

1. WOORDBEPALING

1.1 "Die Klub" beteken: Die Pretoria Pluimveeklub.
1.2 "Akte" beteken die Akte van Oprigting van hierdie klub.
1.3 "Hierby" "Hiermee" en "Hierin" verwys na die klub se Akte van Oprigting en Statute.
1.4 "Skriftelik" omvat ook drukwerk, tikskrif, rekenaarwerk, kopieerwerk of enige ander gebruiklike plaasvervanger vir gewone handskrif.
1.5 Tensy strydig met die strekking, dui enkelvoudsvorme ook hulle meervoudsvorm aan en omgekeerd en behels die manlike geslag ook die vroulike geslag.
1.6 "Bestuur" beteken die uitvoerende bestuur van die klub soos saamgestel volgens die Statute.
1.7 "Telers" beteken alle persone wat op die huidige tydstip die teel van rasegte pluimvee aktief beoefen.
1.8 "Ouditeur" is enige persoon wat in staat is om boekhouding te doen en wat deur die Bestuur aangewys is.
1.9 "SASPO" Die Suider-Afrikaanse Skoupluimvee Organisasie.
1.10 "SAPV" Die Suid-Afrikaanse Pluimvee Vereeniging.
1.11 "Beoordelaar" is 'n persoon wat voldoen aan die vereistes soos neergelê deur die Beoordelaarsvereniging van SASPO, wat oor die nodige kwalifikasies en bevoegdheid beskik en wat in besit van 'n toepaslike amptelike Beoordelaarsertifikaat uitgereik deur SASPO of enige ander organisasie deur SASPO erken.
1.12 "Ras" beteken 'n bepaalde pluimveeras wat duidelik geidentifiseer kan work aan sy tipe en eienskappe, byvoorbeeld Leghorn, Pekin, Rouen ensovoorts, met die insluiting van groot en bantam hoenders, swemvoêls en kalkoene, soos deur die Organisasie erken ooreenkomstig sy "Pluimveerasstandaarde".
1.13 "Variëteit" is 'n bepaalde afdeling van 'n ras wat uitgeken kan word deur sy kleur of vlektekens, byvoorbeeld swart is 'n variëteit van die Minorca. 'n Sub-variëteit is 'n onderafdeling van 'n bewese variëteit waarvan die vorm van die kam verskil van die oorspronklike, byvoorbeeld, die rooskam swart is 'n sub-variëteit van die swart Mincora. ('n Ras sluit dus in al die variëteite en sub-variëteite soos erken deur die Organisasie ooreenkomstig sy "Pluimveerasstandaarde".)
1.14 "Raad" beteken die Komitee van die Suider-Afrikaanse Skoupluimvee Organisasie.

2. LIDMAATSKAP

2.1 Tipe Lidmaatskap

2.1.1 Algemene vereistes

(a) Enige persoon wat aan die vereistes soos hierin omskrywe voldoen, kan ook aansoek doen om lidmaatskap van die klub
(b) Die bestuur behou die reg voor om enige aansoek te weier sonder die verstrekking van enige redes daarvoor.
(c) Die volgende tipes lidmaatskappe bestaan:
    (1) Juniorlede
    (2) Gewone lede
    (3) Pensionarisse
    (4) Erelede
    (5) Gesamentlike lidmaatskap.

2.1.2 Juniorlede

Lede tot en met 18 (agtien) jaar kan as juniorlede registreer.

2.1.3 Gewone Lidmaatskap

Persone kwalifiseer vir keuring om as volle lede toegelaat te word indien hulle op ‘n aktiewe wyse rasegte pluimvee teel of daarin belangstel.

2.1.4 Pensionarisse

Lede 65 jaar en ouer word as pensioenarislede beskou.

2.1.5 Erelede

Erelidmaatskap sal normaalweg toegeken word aan die persone wat hulle op een of ander wyse onderskei het in die beoefening of bevordering van die stokperdjie.

Daar sal nooit op enige tydstip meer as 10 erelede wees nie, en daar is geen beperking aan ‘n minimum aantal erelede nie.

2.1.6 Gesamentlike lidmaatskap

Hierdie lidmaatskap bestaan uit ‘n minimum van 2 (twee) en maksimum van 4 (vier) lede, maar slegs een SASPO nommer word aan hierdie lidmaatskap toegeken.

2.2 Aansoek om lidmaatskap

Aansoek om lidmaatskap moet skriftelik tot die Bestuur gerig word deur die amptelike aansoekvorm te gebruik.

2.3 Beëindiging van lidmaatskap

2.3.1 Bedanking
Dit staan enige lid vry om sy bedanking skriftelik by die Bestuur in te dien.

2.3.2 Verbeuring van lidmaatskap
(i) ‘n Lid kan sy lidmaatskap verbeur indien hy in gebreke bly om te voldoen aan die vereistes soos hierin uiteengesit.
(ii) Indien ‘n lid in gebreke bly om sy lidmaatskapgelde binne 60 (sestig) dae na die jaareinde van die klub te betaal, verbeur hy sy lidmaatskap, waarna die persoon heraansoek moet doen vir lidmaatskap.
(iii) ‘n Persoon wie se lidmaatskap in sy afwesigheid beëindig word, moet skriftelik per aangetekende pos daarvan in kennis gestel word.
(iv) ‘n Lid het die reg om skriftelik tot die Bestuur te appeleer teen sy beëindiging van lidmaatskap binne ‘n tydperk van 30 (dertig) dae na ontvangs van kennis van beëindiging van lidmaatskap.

2.3.3 Na beëindiging van lidmaatskap het geen persoon enige aanspraak op die eiendom of enige fondse van die klub nie.

2.4 Register en Adresverandering

2.4.1 ‘n Volledige register van alle lede se name, adresse en kontakbesonderhede moet in stand en op datum gehou word deur die Bestuur.
2.4.2 Adresveranderings moet onverwyld aan die Sekretaris gestuur word.
2.4.3 Daar word veronderstel dat enige kennisgewing of mededeling van watter aard ookal, indien dit gepos word, met die adres wat ten tye van die versending daarvan in die klub se rekords staan, binne (72) twee en sewentig uur nadat dit gepos is deur sodanige lid ontvang is.

2.5 Besoekers

2.5.1 Dit staan die Bestuur vry om enige persoon na goeddunke as besoeker na ‘n vergadering te nooi.

2.5.2 Lede mag besoekers na enige Algemene Jaarvergadering nooi indien dit die goedkeuring van die Voorsitter wegdra. Toelating tot bywoning van enige vergadering berus by die Voorsitter.

2.5.3 Lede mag besoekers na enige ander geleentheid wat onder die naam van die klub gereel word of plaasvind nooi, indien die Voorsitter se toestemming vooraf verkry is.

2.5.4 Lede wat as gashere tydens geleenthede vir genooide besoekers optree, word ten volle verantwoordelik gehou vir die gedrag en optrede van so ‘n besoeker.

2.6 Tugmaatreëls

2.6.1 Die Bestuur het die reg om ondersoek in te stel na die gedrag en optrede van enige lid van die klub en indien die Bestuur na behoorlike ondersoek bevind dat die betrokke hom skuldig gemaak het aan wangedrag of enige reel van die statute van PPK of SASPO verbreek het, of eninge gronde van die SASPO By-Wette (soos voorgesrkyf in die SASPO By-Wette Artikel 3 punt 4) oortree het, mag hy gevra work om as lid te bedank.

2.6.2 Tugverhore: Dit sal plaasvind in terme van die SASPO By-Wette Artikel 3 punt 5.en die uitkoms kan tot gevolg lei soos omsryf in die SASPO By-Wette Artikel 3.

2.6.3 As ‘n mosie wat op ‘n lid se bedanking aandring deur ‘n 75% meerderheid van die aanwesige lede op ‘n vergadering aangeneem word, word hy versoek om onmiddelik te bedank. Indien die lid versuim of weier om dit binne 14 (veertien) dae te doen, word hy as lid geskrap.

2.6.4 Enige verdere onduidelikhede rakende tugmaatreëls word vertolk in terme van die SASPO Konstitusie en By-Wette Artikel 3.

3. LEDEGELD

3.1 Ledegeld soos van tyd tot tyd deur die Bestuur bepaal en deur ‘n Algemene Jaarvergadering bekragtig, moet deur alle lede en nuwe aansoekers jaarliks betaal word.

3.2 Die betaling van ledegeld word in vyf kategorieë geplaas, tewete:

(a) Juniorlede
(b) Gewone lede
(c) Pensionarisse
(d) Erelede
(e) Gesamentlike lidmaatskap.

3.3 Invordering

3.3.1 Ledegelde moet elke nuwe aansoek vergesel.
3.3.2 Ledegelde is vooruit betaalbaar en moet voor die einde van die finansiële jaar aan die Tesourier besorg word.
3.3.3 Indien ledegelde nie binne 60 (sestig) dae na die vervaldatum betaal is nie verbeur die lid sy lidmaatskap.
3.3.4 Indien ‘n lid sy lidmaatskap as gevolg van klousule 3.3.3 verbeur en hy heraansoek om lidmaatskap wil doen, sal so ‘n aansoek op dieselfde wyse as vir ‘n nuwe aansoek hanteer word.

4. ERE-PRESIDENT

‘n Ere-president kan deur ‘n Bestuurslid genomineer word na deeglike ondersoek van sy prestasies en word deur die Bestuur gekies uit sodanige nominasies vir ‘n tydperk van 3 (drie) jaar. Hy het geen uitvoerende magte nie. Hy kan enige tyd bedank of uittree.

5. BESTUUR

5.1 Samestelling: Die Bestuur sal saamgestel word uit ‘n minimum van 6 (ses), en ‘n maksimum van 10 (tien) lede.
5.2 Die Bestuur sal bestaan uit: ‘n Voorsitter, Onder-voorsitter, Sekretaris, Tesourier en 2 – 6 (twee tot ses) addisionele lede.
5.3 Die Bestuur word vir ‘n tydperk van 1 (een) jaar benoem. Uittredende bestuurslede is herkiesbaar.
5.4 Slegs lede van wie die ledegelde tot op datum betaal is kwalifiseer om te dien op die Bestuur.
5.5 Bestuurslede word gekies op ‘n jaarlikse Algemene Jaarvergadering. Nominasies geskied mondelings en moet deur 2 (twee) persone gesekondeer word. Stemming kan per stembrief of met die opsteek van hand plaasvind.

5.6 Pligte en bevoegdhede

5.6.1 Die bestuur behartig, bestuur en beheer alle bates en sake van die klub, en kan al die magte uitoefen soos hierin omskrywe.
5.6.2 Het die reg om ten volle, namens die klub geld te vorder, te leen, uit te betaal of te belê na goeddunke.
5.6.3 Mag ‘n bankrekening, het sy gewoon of spesiaal, in die naam van die klub open en administreer.
5.6.4 Reël en belê alle vergaderings.
5.6.5 Stel komitees aan om enige van sy sake te behartig en kan enige magte daaraan toesê binne perke van die Statute. Een van die Bestuurslede moet op so ‘n komitee dien.
5.6.6 Pas tugmaatreëls toe wanneer nodig.

5.6.7 Mag lede of ander telers in adviserende hoedanigheid koöpteer om die bestuur by te staan in enige van sy pligte. ‘n Gekoöpteerde lid het geen stemreg op ‘n Bestuursvergadering nie.

5.6.8 Die Bestuur moet optree volgens sy regte, magte en verpligtinge soos hierin vervat en moet die opdragte van die klub uitvoer.

6. KOMITEES

6.1 Soveel lede as wat nodig is mag op ‘n komitee dien.

6.2 Die Voorsitter van ‘n komitee moet ‘n lid wees van die Bestuur.

6.3 Die verslag van ‘n komitee moet aan die Bestuur voorgele word voor plasing op die sakelys van ‘n Algemene Jaarvergadering.

6.4 Die komitee ontbind outomaties sodra sy pligte afgehandel en verslag gelewer is. Indien die komitee onsuksesvol blyk te wees kan ontbinding geskied op versoek van die Bestuur, of die Algemene Jaarvergadering.

7. VERGADERINGS

7.1 Bestuur

7.1.1 Moet minstens 3 (drie) keer per jaar gehou word.

7.1.2 Minstens 5 (vyf) lede van die Bestuur vorm ‘n kworum.

7.1.3 Indien ‘n lid meer as 2 (twee) vergaderings per jaar afwesig is sonder om vooraf verskoning aan te teken, moet hy as Bestuurslid bedank.

7.1.4 Stemreg

Elke lid het een stem. Die Voorsitter het slegs ‘n beslissende stem by ‘n staking van stemme behalwe by die vergadering waar ampsdraers verkies word, waar die Voorsitter ‘n gewone stem het plus ‘n beslissende stem by die staking van stemme.

7.1.5 Die handelsbevoegdheid van die Bestuur word nie deur vaktures of die afwesigheid van ‘n lid geraak nie.

7.2 Algemene Jaarvergadering

7.2.1 Moet gehou word so gou moontlik na die einde van die finansiële jaar (31 Oktober) maar voor die einde Desember van elke jaar.

7.2.2 ‘n Kworum word gevorm deur ‘n minimum van 10 (tien) stemgeregtighede lede teenwoordig.

7.2.3 Stemreg

Slegs lede van wie die ledegelde tot op datum betaal is mag stem.

7.2.4 ‘n Volle sakelys moet minstens 14 (veertien) dae voor die vergadering versend wees.

7.2.5 Die Voorsitter het slegs ‘n beslissende stem by die staking van stemme.

7.3 Buitengewone Algemene Vergadering

7.3.1 Sal gehou word op die skriftelike versoek van minstens 10 (tien) persent van die stemgeregtighede lede of op versoek van minstens 3 (drie) lede van die Bestuur. Die rede vir die vergadering moet skriftelik minstens 21 (een en twintig) dae voor die vergadering aan die Sekretaris gerig word.
7.3.2 ‘n Kworum word gevorm deur ‘n minimum van 10 (tien) stemgeregtigde lede teenwoordig.
7.3.3 Dieselfde as in klousule 7.2.3.

7.4 Algemeen

7.4.1 Volledige notules moet van alle vergaderings gehou word en moet op die volgende soortgelyke vergadering na aanvaarding deur die Voorsitter en die Sekretaris onderteken word. Alle ondertekende notules moet bewaar word.
7.4.2 Sien klousule 2.4.3 & 7.2.4 vir kennisgewing van vergaderings.
7.4.3 Enige lid mag ‘n mosie by ‘n Algemene Jaarvergadering indien. Elke mosie moet gesekondeer word deur 2 (twee) stemgeregtigde lede. Slegs stemgeregtigde lede mag vir so ‘n mosie stem.

8. FINANSIES

8.1 Die finansiële jaar van die klub sal wees vanaf 1 November tot 31 Oktober.
8.2 Die Bestuur moet toesien dat behoorlike boekhouding van alle finansiële transaksies gehou word.
8.3 Daar moet by elke Algemene Jaarvergadering verslag gedoen word van die klub se finansiële stand.
8.4 By elke Algemene Jaarvergadering moet ‘n balansstaat, inkomste en uitgawe rekeningstaat en ‘n finansiële verslag aan die vergadering voorgelê word.
8.5 Die boeke van die klub moet na afsluiting van elke finansiële jaar geoudit word.
8.6 Geen lid van die klub het enige reg, aanspraak of belang in enige fondse of eiendom van die klub nie.
8.7 Likwidasie:
8.7.1 Die klub kan op ‘n Algemene Jaarvergadering by wyse van ‘n mosie, aangeneem deur ‘n korum van die aanwesige lede, gelikwideer word en die Bestuur is by magte om die likwidateers aan te stel.
8.7.2 Indien die klub gelikwideer word, sal alle bates na vereffening van alle skulde oorbetaal word aan SASPO.

9. SAKE RAKENDE DIE STATUTE

9.1 Vertolking

9.1.1 Indien daar twyfel bestaan oor die betekenis van enige deel van hierdie statute, sal die vertolking wat die Bestuur daaraan heg, finaal en bindend vir alle lede wees.

9.1.2 Waar aangeleenthede nie spesifiek in die Statute omskryf is nie, word die vertolking volgens die SAPSO Konstitusie, Skoureëls en By-Wette aanvaar.

9.2 Wysiging en byvoegings

9.2.1 Wysigings en toevoegings aan die statute mag voorgestel word deur ‘n 75% meerderheid van stemme by ‘n Algemene Jaarvergadering.

9.2.2 Lede mag wysigings en toevoegings tot die statute voorstel deur die voorstel minstens 21 (een en twintig) dae voor die Algemene Jaarvergadering skriftelik en behoorlik onderteken aan die Sekretaris te besorg, waarna dit dan aan die Bestuur voorgelê word vir goedkeuring.

9.3 Identifikasie

9.3.1 Die voorsitter en sekretaris van die Bestuur word gemagtig on die Statute, soos aangeneem te onderteken en elke bladsy daarvan te parafeer met die datum.

9.3.2 Wysigings en toevoegings moet ook deur die Voorsitter en Sekretaris met datum onderteken word.

9.3.3 Die ondertekende Statute asook ondertekende wysigings en toevoegings is bindend op alle lede.

10. ONTBINDING

Indien daar besluit word om die klub te ontbind sal dit geskied op goedkeuring van die Bestuur en wel soos omskryf in paragraaf 8.7.